Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BEdHons Onderwyser Opvoeding en Professionele Ontwikkeling (09240021)

Duur van studie	1 jaar		
Totale krediete	128		
Kontak	Dr WM Carvalho-Malekane	wendy.carvalho-malekane@up.ac.za	+27 (0)124205757

Toelatingsvereistes

- ? Baccalaureusgraad en ? onderwysdiploma/Nagraadse Sertifikaat in Onderwys (bv. BA + HOD); of
- ? Vierjarige onderwysgerigte graad (bv. BEd, BAEd); of
- ? M+4 toepaslike onderwysdiploma, onderhewig aan spesifieke goedkeuring; of
- ‘n Toepaslike Gevorderde Diploma in Onderwys; of
- ? Ander toepaslike akademiese kwalifikasie en toepaslike vorige leerevaringe wat volgens die oordeel van die Dekaan toelating tot ? bepaalde pakket regverdig.

Addisionele vereistes

Die keuring is gebaseer op:

- voldoening aan die minimum toelatingsvereistes;
- vorige akademiese prestasies;
- toepaslike akademiese en/of onderwyservaring;
- beskikbaarheid van leiding vir die voorgeskrewe navorsingsprojek;
- bewese akademiese potensiaal, wat akademiese kommunikasie en rekenaarvaardighede insluit;
- 'n onderhoud kan ook addisioneel vereis word;
- die registrasie by professionele rade;
- finale diskresie lê by die departementshoof.

Eksamens en slaagvereistes

Behoudens uitsonderings wat die Dekaan op aanbeveling van die Departementshoof goedkeur, kan 'n student hom of haar nie meer as twee maal vir die honneurseksamen in dieselfde module aanmeld nie.

'n Finalejaarstudent wat 'n maksimum van drie semestermodules of die ekwivalent daarvan gedruip het en 'n finale punt van minstens 40% in elkeen behaal het, kan deur die Dekaan toegelaat word om gedurende Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale eksamen in sodanige module(s) af te lê, mits die student daardeur aan alle vereistes vir die graad kan voldoen.

Navorsing

'n Navorsingsprojek is verpligtend en moet volgens die voorskrifte van die betrokke departement voorberei en ingedien word vir eksaminering.

Slaag met lof

Die graad word met lof verwerf indien die student 'n algehele gemiddelde van 75% behaal het, met 'n minimum van 70% in elke module.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 128

Wanneer die voltydse opsie gekies word, moet al die "Fundamentele modules" en "Kernmodules" gekies word. Wanneer die deeltydse opsie gekies word, moet NMQ 745, EDS 711, CDD 710 en API 711 gekies word in die 1ste jaar en NMQ 755, een keusemodule, CDV 780 en PFO 710 moet gekies word in die finale jaar.
Keusemodulevoorvereistes sluit in Wiskunde II vir Wiskundeonderwys (MCE 730), Biologie II of Dierkunde II of Plantkunde II of Algemene Wetenskap II vir Lewenswetenskappe-onderwys (LSN 730) en Fisika II of Chemie II of Algemene Wetenskap II vir Fisiese wetenskap-onderwys (PHN 730). Wanneer SCU 731 gekies word, kan dit net in die tweede semester geneem word. Goedkeuring van die Hoof van die Departement word vereis vir MCE 730, LSN 730 en PHN 730.

Fundamentele modules

Deel 1: Navorsingsvoorstel 755 (NMQ 755)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Opvoedkunde Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Begeleide literatuurstudie, formulering van ? konseptuele raamwerk en ontwikkeling van ’n navorsingsvoorstel vir ? begeleide navorsingsprojek van beperkte omvang.

Deel 2: Navorsingsverslag 780 (CDV 780)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	NMQ 755 geslaag.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Begeleide navorsingsprojek van beperkte omvang. Ontwikkeling van ‘n navorsingsvoorstel. Die toepassing van kwalitatiewe en/of kwantitatiewe metodes. Skryf van 'n navorsingsverslag.

Kernmodules

Kurrikulumontwikkeling 710 (CDD 710)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Beginsels en benaderings van kurrikulum-/programontwerp en -ontwikkeling. Internasionale en nasionale modelle en ontwikkelinge op hierdie terrein. Beginsels van uitkomsgebaseerde programontwerp binne die SAQA-konteks. Kurrikulumontwikkelingsmodelle en instrumente in aksie. Situasie-taakanalise en behoeftebepaling. Ontwikkeling. Disseminasie. Implementering as veranderingsproses. Assessering en evaluering.

Opvoedkundige navorsingsmetodolgie 745 (NMQ 745)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Opvoedkunde Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die aard van onderwyskundige navorsing: navorsingskonteks, wetenskap, navorsings-etiek, waarheid, rasionaliteit, subjektiwiteit en objektiwiteit. Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenaderings, navorsingsontwerpe en data-insamelingstegnieke. Verskeidenheid benaderings in kwalitatiewe navorsing, insluitend: gevallestudies, historiese navorsing, etnografiese en aksienavorsing. Basiese konsepte en beginsels van kwantitatiewe navorsing. Statistiese tegnieke in die onderwysnavorsingsproses. Opnamemetodologie en vraelysontwerp. Klassifikasie en grafiese voorstelling van data. Beskrywende metings. Statistiese inferensie. Dataverwerkingsprosedures. Parametriese versus nieparametriese toetse. Enkele toetsstatistiek (bv. F-toetse, en T–toetse).

Filosofie en sosiale imperatiewe in opvoedkunde 711 (EDS 711)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Metateorieë in die opvoedkunde. Empirisme. Rasionele empirisme, kritiese rasionalisme, kritiese teorie. Fenomenologie. Hermeneutika. Sisteemteorie. Filosofieë in opvoedkunde. Tradisionele filosofieë, inheemse (Afrika) filosofieë. Die invloed van modernisme en postmodernisme op die onderwys. Sosiologiese imperatiewe vir opvoeding. Teorieë van gemeenskapsverandering en rolle en waardes van opvoeding. Vergelykende perspektiewe op leerteorieë en die betekenis daarvan vir opvoeding.

Professionele ontwikkeling 710 (PFO 710)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud
Professionele ontwikkeling as onderwyskundige om onafhanklikheid, interafhanklikheid en selfvernuwing te optimaliseer. Die implementering van beginsels van persoonlike visie en leierskap, persoonlike bestuur, interpersoonlike leierskap, kreatiewe samewerking en gebalanseerde selfvernuwing deur aksie-navorsing.

Assesseringsbenaderings en instrumente 711 (API 711)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Grondslae, beginsels en etiek van assesseringspraktyke. Internasionale tendense in assesseringspraktyke. Kwantitatiewe en kwalitatiewe assesseringsmodes en toepaslike assesserings-instrumente. Bewys-generering vir assessering. Assessering en kwaliteitsversekering. Tegnieke vir rekenaargebaseerde assessering.

Keusemodules

Lewenswetenskappe-onderwys 730 (LSN 730)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die aard en struktuur van lewenswetenskappe: implikasies vir lewenswetenskappeonderwys; leeruitnemendheid in lewenswetenskappe; ontwikkeling en administrasie van 'n skool se lewensweteskappedepartement; beplanning van leeraktiwiteite in lewenswetenskappe; eksperimentering en navorsingsmetodologie; praktiese werk, demonstrasies en mikroskoopwerk; bestuur en gebruik van organismes in die laboratorium; die lewenswetenskappeklub; ekskursies en veldwerk; veiligheid in die laboratoruim.

Fisiesewetenskappe-onderwys 730 (PHN 730)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Onderrigstrategieë; hervorming in fisika en chemie onderwys; alternatiewe begrippe. Kurrikulum leierskap in Fisiese Wetenskappe Onderwys in verskeie kontekste.

Insluitende onderwys 731 (ISA 731)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teoretiese grondslag en aard van leerdiversiteit, leerprobleme/ leerhindernisse, leergestremdhede, kognitiewe funksionering en spesiale onderwysbehoeftes. Agtergrond, beginsels en implementering van insluitende onderwys. Beginsels en praktiese toepassing van leerondersteuning. Identifisering, sifting, informele assessering en ondersteuning van leerders wat presenteer met gesproke en geskrewe taal-, wiskunde-, perseptuele en nie-verbale leerprobleme.

Leerondersteuning 710 (LSG 710)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die neurologiese interpretasie en prosessering van die leesproses in die brein; die impak van persepsie (motories, visueel en ouditief) op die geïntegreerde leerproses; leeronder-steuningstrategieë (klank en woorderkenning); leesgewoontes; uitbreiding van die oogspan en leesspoed; leesmotivering; ‘n praktiese leersondersteuningsmodel wat op assessering so wel as ondersteuning vir individue fokus.

Lewensoriënteringsonderwys 710 (JLO 710)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om kennis, vaardighede, waardes en houdings te ontwikkel sodat studente daartoe in staat is om ingeligte besluite te neem in diverse opvoedkundige kontekste. Lewensoriëntering fokus op die individu in die samelewing. As opvoeder is dit belangrik om te besef dat die onderrig en leer van vaardighede, waardes en houdings in die klaskamer verbind moet word met die leerder se alledaagse lewenservaringe. Hierdie module fokus daarop om studente se optimale intellektuele, persoonlike en emosionele potensiaal te ontwikkel**.**

Wiskunde- en wiskundegeletterheid onderwys 730 (MCE 730)

Modulekrediete	16.00

Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Onderrig- en leerperspektiewe in wiskunde. Hierdie eenheid fokus op huidige kwessies in wiskunde-onderrig, byvoorbeeld: Aard van wiskundige kennis in die opvoedkunde; leerteorieë in wiskundeonderwys; gebruik van tegnologie in wiskunde-onderwys; navorsing in die klaskamer; geslag; taal; kultuur (Etno-wiskunde). Wiskunde in konteks: vooruitsigte en uitdagings. Hierdie eenheid fokus op die rol van wiskunde in verskillende kontekste (beroep- en alledaagse situasies ingesluit): Aard van wiskunde – wiskunde as ‘n menslike aktiwiteit; rasionale vir die leer van wiskunde; die teorie van realistiese wiskunde-onderwys; inhouds- en konteksgedrewe aanslag in wiskunde; wiskundige geletterdheid; kennisoordrag: uitdagings – skoolwiskunde vs realiteit.

Ontwerp en tegnologie-onderwys 730 (TNO 730)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die onderliggende filosofie van Tegnologie en Ontwerpwetenskap. Die Ontwerpwetenskap word ondersoek vanuit 'n informasieprosessering paradigma. Die unieke eie aard van Tegnologie word bestudeer en die verwantskappe tussen die vakgebiede Tegnologie, Ontwerpwetenskap en Natuurwetenskap word blootgelê. Tydens die ondersoek na bogenoemde verwantskappe word die sosiaal tegnologiese interpretasie beklemtoon.

Multi-geletterdhede 730 (JGL 730)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Enige ekwivalente voorgraadse taal en/of geletterdheidsmodule
Kontaktyd	7 lesings
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module ondersoek die konsepte "multi-geletterdhede" en "multimodaliteite" met die klem op die belangrikheid daarvan in die onderrig van leerders uit diverse linguistiese en kulturele gemeenskappe. Die onderwerpe wat in hierdie module behandel word moet nie in isolasie beskou word nie, maar hou onderling met mekaar verband en is op onderrig in die globale klaskamer van toepassing. Onderwerpe sluit, onder andere, die volgende in: taal en geletterdhede; taalverwerwingsteorieë; taalbeleidsdokumente; die veeltalige klaskamer; Engels as *lingua franca*;
World Englishes; globalisering en skool- en sosiale geletterdhede. Daar word van die student verwag om geskikte toepassings te ontwerp van 'n verskeidenheid konsepte van innoverende klaskamerpraktyke wat in 'n gevorderde kennis van kern-Suid-Afrikaanse tekste, beleide en kwessies wat in hierdie module hanteer word, weerspieël.

Onderwysreg en -beleid 730 (ELP 730)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die doel van die module is om studente met intellektuele, akademiese en geletterdheidsvaardighede in die gebiede van onderwysreg en -beleid toe te rus. Verder berei dit studente voor vir verdere studies in die velde en om hul professionele ontwikkeling in hul werkplekke te versterk. Die module is waardevol vir persone wat verdere studies in onderwysreg en -beleid wil onderneem en ook vir beleids- en regspraktisyns by skole en ander opvoedkundige omgewings.

Kurrikulum van wetenskappe 731 (SCU 731)

Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die aard van die natuurwetenskappe, tegnologie en wiskunde: openbare begrip en die impak van wetenskap en tegnologiese bedrywe op die gemeenskap; Etiese implikasies van wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang. Inheemse Kennis Stelsels (IKS), etnowiskunde en -tegnologie en epistemologie. Implikasies vir onderrig- en leer-inhoud, en verwagte leeruitkomste. Die aard van kurrikula ten einde wetenskaplike wyses om die wêreld te verstaan te ontwikkel.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.